# Hoe moet ek dit verstaan? 10

# Ek weet wat Ek vir julle beplan …

*Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle ’n toekoms gee, ’n verwagting!* Jer 29:11

Hierdie teksvers word dikwels aangehaal om vir mense ’n spesiale toesegging te maak; so asof God hier met elkeen van ons persoonlik praat. Om die woorde van Jer 29:11 só te gebruik, hou ongelukkig nie rekening met die konteks waarin die woorde staan nie.

Jer 29 is ’n skrywe van die profeet, in opdrag van die Here, aan die ballinge in Babel. In Babel was daar vals profete (29:8) wat die balllinge verseker het dat hulle ballingskap van korte duur sal wees. Maar die Here sê nee, dit sal 70 jaar duur, en daarom moet hulle nie in Babel sit en die tyd omwens nie. Hulle moet hulle daar inburger en aan die heil van Babel help bou (29:5-7).

Dus: die eerste saak wat ons moet raaksien, is dat hierdie woorde nie aan indiwidue gerig is nie, maar aan die Judese ballinge as geheel. Sy boodskap is: God het ’n plan van vrede en hoop vir hulle, selfs al moes hulle vir 70 jaar in ballingskap bly. Die vers herinner ons dat God se planne nie rampspoed bring nie, maar ’n toekoms en ’n verwagting. Hy bring hoop vir sy mense.

Die tweede ding wat ons moet hoor, is dat God se tydsberekening anders werk as wat ons wil hê. Dit gaan nie hier om ’n kitsoplossing vir al jou probleme nie, of dat elke indiwidu ’n blink toekoms in die afsienbare toekoms belowe word nie.

Soos vir die Jode, wil God ons in hierdie belofte bemoedig om vas te byt, voluit te lewe en die toekoms met hoop en verwagting in te gaan.

## Onlangse Bydraes

- Rig 6:14 MET GOD SE TOERUSTING KAN JY DIENSBAAR WEES
- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026